higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGRIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 4

(3011024)

8 Maart 2018 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Word gebruik in die produksie van ander goedere:

A Verbruikersgoedere
B Kapitaalgoedere
C Nie-duursame goedere
D Semi-duursame goedere

1.1.2 Watter EEN van die volgende is NIE die funksie van geld nie?

A Vergelyk pryse
B Betaling van skuld
C Verlig armoede
D Koop van goedere en dienste

1.1.3 Vir monetêre beleid en fiskale beleid, is dit tyd wat dit neem voor die aksie waarop besluit is geïmplementeer word bekend as … sloer.

A besluit
B aksie
C erkenning
D tyd

1.1.4 Watter EEN van die volgende is NIE een van die oogmerke van die fiskale beleid nie?

A Stabiliteit van die betalingsbalans
B Werkskepping
C Formulering en implementering van fiskale beleid
D Armoedeverligting

1.1.5 Watter EEN van die volgende vorm deel van die Menslike Ontwikkelingsindeks (MOI)?

A BBP-indeks
B Produsenteprysindeks
C Verbruikersprysindeks
D BNP-indeks

Kopiereg voorbehou

1.1.6 EEN van die sleutelbeginsels van die plaaslike ekonomiese ontwikkeling is dat dit ...

A groei stimuleer.
B prysstabiliteit verseker.
C billike verdeling van inkomste verseker.
D betalingsbalansstabiliteit verseker.

1.1.7 Watter EEN van die volgende is NIE deel van die M2 geldvoorsiening in Suid-Afrika nie?

A Munte en banknote
B Langtermyndeposito's
C Kort- en mediumtermyn deposito's
D Aanvraagdeposito

1.1.8 EEN van die volgende is NIE die finansiële instrument wat in internasionale handel gebruik word nie.

A Telegrafiese oorplasing
B Promesse
C Faktorering
D Skatkiswissels

1.1.9 Daar is … partye betrokke by 'n kredietbrief.

A vier
B twee
C drie
D vyf

1.1.10 EEN van die redes vir uitvoerbeheer is om …

A internasionale ooreenkomste of wette te handhaaf.
B inkomste vir die land te verdien.
C die omgewing te beskerm.
D seker te maak dat die landswette gehoorsaam word.

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Faktore soos die inflasiekoers en wisselkoers is voorbeelde van mikro-ekonomiese doelwitte.

1.2.2 Geleentheidskoste verwys na die waarde van alle alternatiewe wat gekies kon word maar nie gekies is nie.

1.2.3 Wat betref die implementering van monetêre en fiskale beleid, is daar 'n tydsloer, dit beteken dat 'n aksie nie 'n onmiddellike effek het nie.

Kopiereg voorbehou

1.2.4 As twee dinge gekorreleer word, impliseer dit altyd dat die een gebeurtenis die ander gebeurtenis veroorsaak het.

1.2.5 Alle ekonome gebruik dieselfde ekonomiese model en stem dus saam oor die ontleding van ekonomiese probleme.

1.2.6 'n Land waar die waarde van invoere hoër is as die waarde van uitvoere sal 'n surplus in sy betalingsbalans hê.

1.2.7 Fiskale beleid word omskryf as die regering se besluit oor sy besteding, belasting en lening.

1.2.8 Skaarsheid is 'n ekonomiese probleem wat verband hou met beperkte hulpbronne wat gebruik word om onbeperkte begeertes en behoeftes te bevredig.

1.2.9 Die lopende rekening van die betalingsbalans word gebruik om kapitaalinvloei en -uitvloei aan te teken.

1.2.10 'n Inflasiespiraal vind plaas wanneer hoë inflasie verdere inflasie veroorsaak.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die (ekwilibriumpunt/gelykbreekpunt) is die punt op die grafiek waar die vraag en aanbodkromme kruis.

1.3.2 (Utiliteit/ Doeltreffendheid) beteken die vlak van tevredenheid.

1.3.3 (Malusi Gigaba/Pravin Gordhan) was Suid-Afrika se Minister van Finansies in 2015.

1.3.4 'n (Oop rekening/ kredietbrief) is meer gerieflik vir die uitvoerder as die invoerder.

1.3.5 Die (reële per capita BBP/reële BBP) word gebruik om die land se ekonomiese groei te meet.

(5 × 1) (5)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Skryf die volgende akronieme volledig uit:

2.1.1 AsgiSA

2.1.2 MOI (“*HDI”*)

2.1.3 GEAR

(3 × 2) (6)

2.2 Watter formule word gebruik om die inflasiekoers te bereken? (2)

2.3 Wat is *plaaslike ekonomiese ontwikkeling*? (3)

2.4 Noem VIER partye wat betrokke is by 'n kredietbrief. (4)

[15]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

Sal SA aan die uitdaging van veranderings in die wêreldmotormark voldoen?



Johannesburg – Die globale voertuigwaardeketting (GVW) ondergaan tans diepgaande veranderinge wat fundamenteel die produksie van en mark vir voertuie kan ontwrig. 'n Aantal internasionale deskundiges het kommentaar gelewer oor hierdie veranderinge in 'n poging om die gevolge daarvan vir die multinasionale organisasies en ekonomieë te verstaan wat wêreldproduksie en -verbruik oorheers.

Suid-Afrikaanse besigheid moet dit oorweeg om hierdie veranderinge in te faktoreer indien hierdie veranderinge in die randgebiede van die globale voertuigwaardeketting oor die volgende twee dekades waarskynlik kan uitspeel.

*[*Bron*: https: //www.Industry News,* 22 June 2017*]*

3.1 As die besigheid te min kontant het, kan die besigheid faktorering oorweeg.

3.1.1 Verduidelik die term *faktorering* in jou eie woorde. (2)

3.1.2 Noem SEWE stappe in die faktoreringsproses. (7)

3.1.3 Gee VIER voordele vir die uitvoerder om faktorering te gebruik. (4)

3.1.4 Noem en verduidelik kortliks DRIE partye betrokke by die faktoreringsproses. (3 × 3) (9)

3.2 'Fiskale beleid is 'n regering se besluite aangaande besteding en belasting. As 'n regering ekonomiese groei wil stimuleer, sal dit besteding aan goedere en dienste verhoog.'

Verduidelik kortliks hoe 'n styging in besteding aan goedere en dienste ekonomiese groei kan stimuleer. (10)

3.3 Verduidelik hoe 'n monopolie besigheid en verbruikers affekteer. (8)
[40]

VRAAG 4

DIENSLEWERINGSPROTES



Landelike munisipaliteite ervaar 'n aantal kwessies wat wissel van werkloosheid, infrastruktuur en finansiële beperkings tot instellingstekortkominge en personeelprobleme.

Tans sukkel verskeie kleiner munisipaliteite om hulle diensinfrastruktuur op 'n kostedoeltreffende en volhoubare wyse te bedryf en in stand te hou.

4.1 Omskryf die *werkloosheid.* (3)

4.2 Verduidelik kortliks hoe 'n verbetering in infrastruktuur landelike gemeenskappe kan bevoordeel. (4)

Kopiereg voorbehou

4.3 Noem VIER doelwitte van plaaslike regerings. (4 × 2) (8)

4.4 Noem DRIE wetgewings van toepassing op plaaslike ekonomiese ontwikkeling. (3)

4.5 Verduidelik kortliks VYF uitdagings wat landelike munisipaliteite die hoof moet bied. (5 × 2) (10)

4.6 Noem VIER uitdagings vir volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika. (4 × 2) (8)

4.7 Verduidelik waarom reële BBP 'n beter meting van werklike produksie is as nominale BBP. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die volgende terme in jou eie woorde:

5.1.1 Uitvoerlisensie

5.1.2 Vragversender

5.1.3 Wissel

5.1.4 Telegrafiese oorplasing

(4 × 2) (8)

5.2 Noem SES dokumente wat in 'n kredietbrief gespesifiseer word wat 'n uitvoerder aan hulle bank moet aanbied om betaal te word. (6)

5.3 Gee VIER redes vir uitvoerbeheer. (4)

5.4 Noem SEWE prosesse en prosedures vir daarstelling van 'n kredietbrief.

(7 × 2) (14)

5.5 Verduidelik die konsep *inflasiekoers.* (4)

5.6 Gee VIER tipe verskepingsterme wat in die internasionale handelsomgewing gebruik word. (4)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Wat is die verskil tussen *begrotingstekort* en *nasionale begroting?* (2 × 2) (4)

6.2 Onderskei tussen M1, M2 en M3 geldvoorraad. (3 × 2) (6)

6.3 Gebruik die inligting vir JEANS MANUFACTURERS CC in die tabel hieronder om die vrae te beantwoord.

PRYS (R)	VRAAG	AANBOD
40	20	14
60	18	15
80	16	16
100	14	17
120	12	18

6.3.1 Trek die vraag- en aanbodkrommes op dieselfde stel asse. (5)

6.3.2 Bereken die nuwe hoeveelhede wat verlang word as die vereiste hoeveelheid met 20% op alle prysvlakke gestyg het. (5)

6.4 Wat is die pryselastisiteit van vraag? (2)

6.5 Watter effek sal 'n styging in voornemende kopers se inkomste op die vraagkromme hê? (2)

6.6 Watter effek sal 'n verbetering in tegnologie op die aanbodkromme hê? (2)

6.7 Onderskei tussen 'n *styging in die hoeveelheid wat aangebied word* en 'n *styging in aanbod*. (2 × 2) (4)

6.8 Die wisselkoers is £1 = R16,50 en die rand depresieer met 5% teen die pond.

6.8.1 Omskep £6 000 in Suid-Afrikaanse geldeenheid voor die depresiasie plaasgevind het. (4)

6.8.2 Wat sal die nuwe wisselkoers wees na die depresiasie van die rand? (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou